# DIE ONTWIKKELING VAN 'N GROEIENDE BEVRYDINGSBEDIENING: 'N LITERATUUR-OORSIG VERAL MET VERWYSING NA INVLOEDRYKE PERSONE EN KERKLIKE TRADISIES

J P J Theron[1]

# DEVELOPMENTS WITHIN A GROWING MINISTRY OF DELIVERANCE: A STUDY OF LITERATURE WITH REFERENCE TO INFLUENTIAL PEOPLE AND CHURCH TRADITIONS

Recent developments in the church's ministry of deliverance have been investigated in terms of influential people and available literature. The period from the fifties to the eighties of the previous century is covered in the present literary investigation. It has been found that this new emphasis on the ministry of deliverance originated more or less at the same time in different parts of the world. Different individuals, not related to each other became involved because of their experiences and/or studies. The material shows that this ministry is practised in most denominations as well as by some medical and other professional care-givers. The need to develop a coherent practical theological theory is expressed.

## OPSOMMING

Die onlangse ontwikkelinge betreffende die kerk se diens van bevryding van bose magte word ondersoek met spesifieke verwysing na invloedryke persone en beskikbare literatuur. Daar word veral klem gelê op die periode van die vyftiger- tot tagtigerjare van die vorige eeu. Dit blyk dat die nuwe belangstelling wat hierdie bediening geniet, ongeveer op dieselfde tyd in verskillende wêrelddele ontstaan het. Verskillende individue het onafhanklik van mekaar, as gevolg van ervaring en of studie hierby betrokke geraak. Die gegewens dui daarop dat hierdie bediening in die meeste kerklike denominasies sowel as deur sommige medici en ander professionele verwante gesondheidsvakkundiges beoefen word. Die noodsaaklikheid daarvan om die resultaat van die ondersoek in teorievorming te benut, word aangedui.

1 Prof J P J Theron, Dept Praktiese Teologie, Universiteit van Suid-Afrika, Posbus 392, Pretoria, 0003; e-pos: therojpj@unisa.ac.za

# 1 INLEIDING

Dit is duidelik dat die akademiese nadenke oor die *kerk se bediening van bevryding van bose magte*, eintlik nog maar pas begin het. Dit is veral waar wat die Suid-Afrikaanse situasie betref. Alhoewel daar soms in akademiese geskrifte op teoretiese fasette gekonsentreer word, het besinning oor die praktyk as sodanig nog min aandag gekry. Die probleem is verder dat daar dikwels bloot in die algemeen en met geykte persepsies na skrywers en tradisies verwys word sonder dat die agtergrond, standpunte of selfs die publikasies ter sake, bespreek word. Hierdie artikel wil begin om in daardie behoefte te voorsien, dit wil sê die identifisering van invloedryke persone en die aanbieding van 'n oorsig van die relevante literatuur. Tegelykertyd word gehoop om die gesprek wat deur Louw (1993:83-94), Theron (1985:186-213; 1987:147-161; 1994:201-216) en Janse van Rensburg (1997:148-158; 1998:37-52) oor hierdie faset van die pastoraat begin is, verder te stimuleer.

*Die formele doel van hierdie artikel is om aan die hand van 'n literatuurstudie indringend na die historiese wortels van die huidige praktyk te kyk*. Daarmee word nie bedoel dat 'n bepaalde praktyk of praktykteorie intensief bespreek word nie. Daar sal eerder gelet word op die persone, kerklike tradisies en op groepe van mense waarby hierdie bediening voorkom of wat dit ondersteun en wat dus 'n invloed op die praktiese hantering en ontwikkeling van hierdie bediening in Suid-Afrika gehad het. Daar word nie gepoog om na alle publikasies wat oor die onderwerp verskyn het, te verwys nie. Ook nie om die menings van teenstanders of kritici aan te haal, of self standpunt in te neem nie, maar wel om te konsentreer op die *invloedryke persone en strominge wat menings help vorm het ten opsigte van die huidige ontwikkeling van die bediening*. Daarom word die studie beperk en word daar veral net verwys na die werke en die optrede van mense vanaf die vyftiger- tot tagtigerjare. Die gedagte is om vanuit die besinning tot enkele gevolgtrekkings te kom waardeur die raamwerk waarbinne die bediening funksioneer, beter verstaan kan word. Hierdie insigte sal uit die aard van die saak kan bydra tot verdere teorievorming. Op hierdie terrein is daar wat hierdie spesifieke bediening betref, nog baie te doen.

Die huidige artikel sal opgevolg word met 'n soortgelyke oorsig maar dan met die spesifieke toespitsing op die wyse waarop die vraag of Christene ook demonies gekwel kan wees, benader is. Daarna sal ek poog om my eie standpunte verder uit te bou.

In hierdie artikel word daar gewerk met die *aanname en uitgangspunt dat daar in ons tyd wel ruimte binne die pastoraat is vir so 'n bediening*. Daar word

dus nie gepoog om die fundering daarvan aan die hand van Skriftekste of moderne nadenke uit te brei nie. Daar word ook nie verwys na sieninge waarvolgens die bose — volgens sekere tradisies en strominge (vgl McAlpine 1991) — byvoorbeeld (alleen) in die breë strukture van die samelewing te vinde is nie. Wat hier onder die soeklig kom — sonder dat al die begrippe gedefinieer word — is die uitdrywing van demone, in die Naam van Jesus, in die krag van die Gees, uit mense, deur middel van 'n woord van gesag, of 'n bevel, dit wil sê 'n daad van bevryding, oftewel eksorsisme.

## 2. HISTORIESE AGTERGROND

Om die hoofsaaklik Protestantse vraag, "waar kom hierdie 'nuwe' bediening vandaan?", te beantwoord, sal daar na verskillende moontlikhede gekyk moet word. Om meer duidelikheid oor die Suid-Afrikaanse situasie te kry, sal gebeure in die buiteland ook in die oog moet kom. Tegelykertyd sal ons ook die verskillende Christelike tradisies of kerke in Suid-Afrika in die bespreking moet betrek. Daar word doelbewus op sommige persone se optrede en menings meer klem gelê as op ander.

### 2.1 BYDRAES UIT DIE KLASSIEKE PINKSTERDOM

Andrew Walker (1993:86-105), wat saam met ander krities besin oor die Charismatiese Vernuwing, maak in 'n publikasie wat bekend is vir sy betekenisvolle newetitel, *Charismatic renewal: the search for a theology*, sterk negatiewe opmerkings oor die verwikkelinge ten opsigte van demonologie. Onder 'n subopskrif "The Paranoid Universe" vra hy (1993:89):

> When did that kind of fundamentalism arise whereby demons began to break loose from the subterranean moorings of the unconscious and surface in open rebellion with the fury of what the house-church leader Dave Tomlinson has called 'charismania'?

Soos gesê sal daar nie hier op die teologiese regverdigheid vir hierdie stellings ingegaan word nie. Wat wel nou eers ter sake is, is die vraag na die redelik skielike verandering wat daar in die pastoraat ingetree het. Walker (1993:90-96) wys op moontlikhede wat aandag verdien. Hy noem veral die tyd van oorsprong as 1940-1950 "in the North American movement known as the 'Latter Day Rain'". Dit was toe William Branham se bediening prominent was "...a man who talked with angels, argued with demons, and diagnosed illnesses through the colours of the aura". Hy noem ook ander name uit die Klassieke Pinksteromgewing soos dié van Ern Baxter, Paul Cain, Oral Roberts, Maria Woodworth-Ether, Kathryn Kuhlman, T L Osborn,

Kennith Hagin, A A Allen, Don Basham, Derek Prince, Frank en Ida Mae Hammond, Graham en Shirley Powell asook Bill Subritzky. Hy voel veral dat Basham en Prince

> peddled strong views on male leadership but in the 1970's they also pioneered a belief in the prevalence of witchcraft in our societies and in the danger of amulets and charms, which they saw as demonically infused, or at least under dominance of Satan. They talked not only of demons as disembodied spiritis trying to control individual bodies, they also talked of 'strong men', super-demonic powers that dominated — along with lesser devils — churches, cities, and whole nations. Prince's work in particular was a major influence on Frank and Ida Mae Hammond and their disturbing deliverance ministry as outlined in their book *Pigs in the Parlour*. There are echoes of Prince's and the Hammonds's work throughout North America and Great Britain in the 1980s. It resounded and resonated most clearly, however, in New Zealand through the self-deliverance techniques of Graham and Shirley Powell and in the ministry of Bill Subritzky. It is probably Subritzky, a lawyer by training, and an Anglican layman, who has had the greatest impact upon Anglican and now independent charismatic church exorcisms in Great Britain in the late 1980s and early 1990s.

Prince was ongetwyfeld 'n belangrike figuur in die ontwikkeling van hierdie bediening. Daarin is Walker korrek en daarom verdien hy besondere aandag. Ek is egter nie soos Walker oortuig dat Prince direk of selfs eers indirek beïnvloed is deur Branham of deur die mense wat op 'n stadium met hom geassosieer was nie. Prince was van huis uit Anglikaan, het in Indië grootgeword, maar het hom in die praktyk totaal van die kerk gedistansieer. Hy was 'n ongelowige, 'n professor in filosofie aan Cambridge Universiteit, dit wil sê nadat hy die klassieke tale bestudeer het (vgl Prince 1998:30-31). Gedurende die Tweede Wêreldoorlog, tydens sy diens as 'n mediese ordonnans, het hy 'n dramatiese ontmoeting met Jesus Christus gehad wat sy hele lewe radikaal verander het. Daarna, gedurende 1953, terwyl hy in Engeland 'n pastor van 'n klein Pinkstergemeente was, het hy sy eerste bevrydingsessie belewe — toe hyself losgekom het van 'n demoniese gebondenheid (1998:32-37). Hy het dit egter vir jare vir homself gehou en met niemand daaroor gepraat nie aangesien dit binne Pinksterkringe onmoontlik geag is vir 'n Christen om van 'n demoon verlos te word. Dit was eers nadat hy (1998:43) en sy vrou vir 'n tyd lank, dit wil sê vanaf 1957 tot 1961, as "educational ministries" in Kenya gewerk het, dat die saak weer te berde gebring is. Van die inheemse werkers het naamlik vir die egpaar van hulle eie ervaringe met mense wat vrygekom het van demoniese gebondenheid, vertel. Hy noem veral een geval waarin hierdie medewerkers betrokke was. Dit het so verloop (1998:43):

> On occasion they were ministering to an uneducated African woman who spoke only her own tribal dialect. But the demon spoke out of the woman in English: "You can't cast us out; you don't have enough education." To which my friends replied, "We're not casting you out because we have education, but because we're servants of the Lord Jesus Christ!"

Volgens Prince het hy sy vriende goed genoeg geken om te weet dat hulle nie die saak oordryf of daaroor gefantaseer het nie. Hulle vertelling het hom wel aan insidente in die Nuwe Testament herinner, maar hy het nie geweet wat om met daardie informasie te doen nie. Daarom het hy dit maar net in sy agterkop gebêre.

Daarna is hulle eers weer met die saak gekonfronteer toe 'n Baptiste pastor sy hulp gevra het ten opsigte van 'n ma en later haar dogter wat volgens hom onder demoniese invloed was. Dit was dus in Seattle, VSA, dat die onderwerp vir Prince en sy vrou nuwe betekenis gekry het. Met die hulp van 'n Presbiteriaanse egpaar het hulle waardevolle ervaring opgedoen (1998:43-49). Nadat die orreliste van die gemeente ook nog een oggend in die erediens gemanifesteer het, het Prince se bediening en lewe radikaal verander (1998:50-57). Hy het daarna 'n klein boekie die lig laat sien, getiteld *Expelling demons* (vgl Richards 1974:172). Sy preekreeks getiteld "How I came to grips with demons" was in die vroeë jare sewentig in oudiobandvorm in Suid-Afrika beskikbaar. Hy het persoonlik ook ons land besoek. Ek is bewus van sulke besoeke tydens die sogenaamde "Holy Spirit Renewal Conference" van 1977 sowel as die een van 1980, later in 1983 en ook daarna. Hierdie besoeke het gewoonlik gepaard gegaan met konferensies, onderrigsituasies en dikwels ook met praktiese bevrydingsessies van verskillende aard (vgl Theron 1985).

Ek dink dat Walker korrek is deur te sê dat Prince 'n sterk invloed op ander mense uitgeoefen het. Dit kan onder andere gesien word in die publikasies van die Hammonds (vgl 1973), die Powells en ook Subritzky. Hulle publikasies was reeds in 1974 in Suid-Afrika beskikbaar was. Prince se gedagtes oor die onderwerp is egter — afgesien van die klein brosjure of boekie *Expelling demons* — eers relatief onlangs in sy publikasies *Blessing or curse: you can choose!* (1990), en *They shall expel demons: what you need to know about demons — your invisible enemies* (1998), op skrif gestel.

Die interessante punt is dat hier iemand is wat volledig op hoogte was met die filosofiese strominge van sy tyd, uitsonderlik presteer het in die studie van die Klassieke tale, later Hebreeus bestudeer het, op 'n dag besluit het om die Bybel ernstig op te neem en toe in 'n bevrydingsbediening betrokke geraak het. 'n Mens sou hom nie maklik van oningeligtheid of on-

kunde of van 'n swak opvoeding kon beskuldig nie. Die ommeswaai in sy denke van 'n 'staatmaak-op-moderne-filosofie' tot 'n soort van 'fundamentalistiese standpunt ten opsigte van die Bybel', is wel op te merk. Hy sê dat ten spyte van al sy geleerdheid en akademiese suksesse wat hy behaal het, dit hom nie in sy eie probleme kon help nie (1998:31). Ek meen sy invloed het veral gegeld in die Charismatiese kringe vanaf die jare 1970 en verder, asook by die nuwer sogenaamde Onafhanklike Kerke.

Don Basham kom vanuit 'n totaal ander agtergrond: Disciples of Christ (1972:11). Hy word bekend onder andere vir sy boeke waarin hy sy ervaringe met die uitdrywing van demone beskryf en daaroor besin. Vergelyk byvoorbeeld sy *Can a Christian have a demon?* (1971), *Deliver us from evil* (1972) en *A manual for spiritual warfare* (1974). Saam met Prince word hy later deel van die groep van vyf leiers wat in Fort Lauderdale (Florida, VSA) gesetel was en oor wie se koppe daar 'n groot herrie losgebars het vanweë hulle sterk beklemtoning van "shepherding" oftewel "discipleship" (vgl Walker 1993:91).

Die interessante situasie is dus dat beide Prince en Basham nie in 'n Pinksteragtergrond grootgeword het nie. Hulle het wel later Pinksterstandpunte gehandhaaf, maar toe hulle onderskeie bedieninge bekend geword het, is hulle nie deur hierdie groepe aanvaar nie — juis vanweë hulle standpunt dat Christene — en ook Pinksterchristene(!) van demone bevry kan word.

Ek meen dus dat dit nie die Pinkstergroepe as sodanig was wat hierdie bediening in Suid-Afrika bevorder het nie. Walker (1993:90) meen onder andere dat hulle te sterk evangelisties ingestel en buitendien ook te besig was met hulle klem op tale, genesings en liedere om in hierdie bediening betrokke te geraak het. Afgesien van die feit dat Pinkstergroepe vroeër afsydig gestaan het ten opsigte van akademiese vorming, het hulle totale afkeur in die moontlikheid dat Christene by hierdie bediening kan baat, hulle ook van akademiese besinning en praktiese ervaring ten opsigte van hierdie spesifieke bediening weerhou. MacNutt (1995:72) wys byvoorbeeld interessantheidshalwe daarop dat pastoor David du Plessis, wat in oorsese kringe wêreldwyd baie hoë agting geniet het en bekend gestaan het as "Mr Pentecost" — onder andere vanweë sy effektiewe bekendstelling van die Pinkstergroepe aan historiese kerke en ekumeniese bewegings — gedurende die sewentigerjare geweier het om op dieselfde verhoog op te tree as sprekers wat geglo het dat Christene ook bevry kon word of groepsbevryding toegepas het.

Wat wel te bevestig is, is dat Prince, Basham, en vele ander met 'n Pinksteragtergrond of Charismatiese ervaringe (vgl Ten Boom 1968,

McAlister 1971, Brooks 1972, Henderson 1972) begin het om deur brosjures, kleiner boeke, vertellinge, konferensies, die beskikbaarstelling van oudiobande, en so meer, die saak van bevryding van bose magte na vore te bring. Hulle het soms verskil oor die vraag of Christene ook deur hierdie bediening bevoordeel kan word en watter praktyke van toepassing is. Alles in ag genome het hulle egter 'n groot invloed uitgeoefen op 'n soort van 'n "mondelinge teologie" wat in verskeie kringe ontwikkel het. Die invloed uit hierdie kringe moet geensins onderskat word nie. Die groei van die Pinksterkerke en Charismatiese Beweging word dikwels juis toegeskryf aan hierdie nie-akademiese, informele, mondelinge teologie.

## 2.2 STEMME UIT DIE "EVANGELIESE" WÊRELD

Uit heeltemal 'n ander agtergrond kom die geskrifte van Kurt Koch. Hy besoek Suid-Afrika alreeds in 1963 vir die eerste keer. In sy proefskrif *Seelsorge und Okkultismus* (1956), vertaal as *Christian counselling and occultism* [1972] (1981) wat talle herdrukke beleef het, asook in sy boek *Between Christ and Satan* (1961), beskryf hy honderde gevalle van mense wat pastoraal bedien moes word — onder andere deur 'n magswoord van bevryding — nadat hulle in een of ander vorm van okkultisme betrokke geraak het. Dit is opgevolg deur talle meer populêre werke waarin nog meer gevalle opgeteken is. Vergelyk byvoorbeeld sy publikasies in 1970, 1971 en 1973. Daar is eintlik min oor hom persoonlik bekend. Wat wel duidelik is, is dat hy tot die groep "evangeliese Christene" oftewel "Evangelicals" behoort wat geensins glo in die moontlike voortbestaan van die charismata nie, uitgesonderd natuurlik die onderskeiding van geeste en die uitdrywing van demone. Vergelyk hiervoor sy negatiewe verwysings na mense wat "in tale praat" of na wat ander mense (Pinkstermense en Charismatici) sal beskou as ander manifestasies van die Gees (*The strife of tongues*, 1971; [1972] 1981:9-10,12).

Veral tydens sy eerste besoeke in 1963 en vroeg in die sewentigerjare het hy dikwels predikante van gereformeerde agtergrond toegespreek. Ek meen dat hy juis toegang tot hierdie geledere gehad het aangesien hy nie uit 'n Pinksteragtergrond gekom het nie. In daardie tyd was daar min dialoog tussen mense uit hierdie twee kerklike agtergronde.

Daar is 'n sterk moontlikheid dat die werk van 'n ander "Evangelical", Merill F Unger, ook 'n invloed in Suid-Afrika gehad het. In sy werk *Biblical Demonology* wat vir die eerste keer in 1952 verskyn het, skryf hy oor mense wat deur eksorsisme pastoraal gehelp moes word maar voeg by dat "To demon possession, only unbelievers are exposed." (vgl 1971:116). In sy latere

werk *Demons in the world today* (1971:116) verwys hy weer na bogenoemde stelling maar kwalifiseer en wysig dit deur te sê:

> It is possible for a believer to experience severe demon influence or obsession if he persistently yields to demonic temptation and sin.

Hy voeg by dat veral in kulture waarin demoon-geïnspireerde afgode-aanbidding vir eeue lank ongekontroleerd gedy het, dit bekend is dat nuwe gelowiges wat van demoniese gebondenheid ("possession") bevry is, weer gebonde ("repossessed") geraak het wanneer hulle na ou afgode teruggekeer het. Hy sê sy vroeëre stellings oor Christene wat nie demonies gebonde kan raak nie, is maar net afgelei uit die Bybelse gegewens aangesien die Skrif nie direk die probleem aanspreek nie of 'n duidelike standpunt weergee nie. In sy voorbeelde verwys hy ook dikwels na die werke van Koch wat hierbo genoem is. Hierdie boek van Unger het vir vele latere skrywers groot waarde gehad. Hulle verwys veral na sy standpunt — soos Koch dit ook aanbied — naamlik dat betrokkenheid in okkulte bedrywighede kan lei tot demoniese gebondenheid en dat bevryding of eksorsisme dan nodig mag wees. Ook sy verandering van standpunt en die stelling wat daaruit voortvloei, naamlik dat ook Christene soms demonies gebonde kan wees, word dikwels aangehaal. Die werke van Kraft (1992:36,61), Bubeck (1975:160) en Dickason (1987) is voorbeelde hiervan. Veral laasgenoemde twee skrywers het die "evangeliese" standpunt versterk en uitgebou. Hiervan lewer hulle ander publikasies (Dickason 1975; Bubeck 1984) sterk getuienis. Hierdie groep se standpunt is verder ondersteun deurdat 'n erkende en konserwatiewe uitgewer soos Moody Press — afgesien van Bubeck en Dickason se studies — aanverwante werke begin uitgee het (vgl Peterson 1968). Dieselfde geld van Tyndale House Publishers wat op hulle eie verhale van konflik versamel het (vgl *Demon experiences: a compilation* (1972); *Attack from the spirit world: a compilation* (1973)), of outeurs se verhale gepubliseer het waarin hulle ervaringe met bose geeste opgeteken is (vgl Ernest 1970).

Alhoewel hy later op die toneel gekom het, moet die invloedryke boeke van Anderson (1990a, 1990b) ook in hierdie groep genoem word. Wat sy benadering uniek maak, is die feit dat hy sterk klem lê op 'n rasionele benadering waarvolgens die gekwelde persoon eers gehelp moet word om te verstaan wat dit is om 'n Christen te wees. Dit gaan dus om 'n "truth encounter" en nie om bevryding van die bose nie. Arnold (1998:126) en Page (1995:159) wys egter daarop — soos wat Anderson self ook erken — dat daar tog gevalle is waar mense bevry moet word en waar die elemente van

die normale pastorale gesprek, soos byvoorbeeld belydenis van sonde, alleen nie die oplossing is nie.

Dit is moeilik om te bepaal presies watter boek of boeke 'n invloed gehad het op 'n bepaalde ontwikkeling. Ek meen egter dat Unger se bogenoemde twee publikasies, saam met sy latere *What demons can do to saints* (1977), asook die werke van Bubeck en Dickason, diegene in Suid-Afrika wat vir Koch begin navolg het, se denke versterk het.

## 2.3 OUER TRADISIES: KATOLIEKE EN ANGLIKANE

Soos vroeër op gesinspeel is, het die Katolieke en ook die Anglikane 'n eeue oue lange tradisie van eksorsisme. Gedurende 1974 het daar twee boeke — dié van MacNutt en Richards — verskyn wat hierdie tradisie en die nuwere bevrydingsbediening direk beïnvloed het. Eerstens sien *Healing* (1974) van Francis MacNutt die lig. Dit is later gevolg deur sy *The power to heal* (1977). In 'n ander publikasie lewer hy 'n sterk pleidooi vir die kerk se betrokkenheid in die bevrydingsbediening (MacNutt 1981:126-159). MacNutt was vroeër 'n Katolieke priester. Hy het 'n doktorsgraad behaal en doseer homilitiek. Klaarblyklik het hy onder andere veel geleer by Agnes Sanford en daarna in meer Charismatiese kringe beweeg. Hy tree ook in Johannesburg op by die twee konferensies wat hierbo genoem is, dit wil sê in 1977 en 1980. Hy is later getroud en is tans aan die hoof van 'n genesingsbediening met die naam "Christian Healing Ministries" wat in Jacksonville, Florida, VSA, gesetel is. Tot en met 1988, toe *Healing* 'n verwerkte uitgawe beleef het, is daar reeds meer as een miljoen kopieë van sy oorspronklike boek verkoop (1988:15). Die belangrikheid van hierdie publikasie is nie net dat 'n enorme invloed uitgegaan het ten opsigte van die diens van genesing nie (vgl die opmerking van Wimber in die voorwoord to MacNutt se boek, 1988:13), maar ook die feit dat hy die bevrydingsbediening as onderdeel van genesing behandel en dit op so 'n wyse aanbied dat laasgenoemde skielik vir mense 'n aanvaarbare bediening geword het, dit wil sê sonder die "spookagtigheid" of bygelowigheid wat soms daaraan verbonde was (vgl 1988:218). In 'n afdeling getiteld "The four basic kinds of healing and how to pray for each" (vgl 1974:74-75), verwys hy naamlik na "deliverance and exorcism" (1988:215-237) as een van die vier basiese vorme van genesing. In 'n latere werk *Deliverance from evil spirits: a practical manual* (1995), volg 'n verdere gefundeerde en goed gemotiveerde studie wat verantwoordelike leiding bied ten opsigte van die pastorale handelinge hierby betrokke. 'n Interessante punt is dat hy hierin dikwels verwys na Prince en selfs Basham se bevindinge (vgl 1995:9, 116-118, 138).

In die tweede plek kom een van die beste en deeglikste funderings en beskrywings van hierdie bedieninge uit die pen van John Richards, *But deliver us from evil: an introduction to the demonic dimension in pastoral care* (1974). Dit bied ook 'n deeglike oorsig oor die ouer literatuur. Dit is later opgevolg met kleiner brosjures en handleidings soos byvoorbeeld *Exorcism, deliverance and healing: some pastoral and liturgical guidelines* (1976). Richards was vroeër vir sowat 10 jaar die sekretaris van die Biskop van Exeter se studiegroep oor eksorsisme. Hy is ook die direkteur van 'n Christelike diensorganisasie genaamd "Renewal Servicing". In sy hoofwerk verwys hy na die okkulte ontploffing in ons samelewing, die probleem van "possession" en dan ook spesifiek na bevryding en eksorsisme. Alhoewel hierdie werk van Richards (1974) 'n sterker teologiese basis het as MacNutt se *Healing* van 1974, meen ek dat laasgenoemde 'n groter invloed gehad het onder andere vanweë MacNutt se meerdere blootstelling as berader, kommunikeerder en spreker binne Charismatiese kringe en die meer gemaklike skryfstyl in sy publikasies.

Daar moet weer eens in gedagte gehou word dat die Anglikaanse invloed sterk wortels in die verlede het. Die bydrae deur die biskop van Exeter se kommissie oor hierdie saak in die paar jaar voor Richards se publikasie het die gesprek ook sterk gestimuleer (vgl Petitpierre 1972). Latere publikasies uit hierdie kring wat die bediening ondersteun, kom van biskoppe Maddocks (1981) en Dow (1991) — laasgenoemde 'n adjunk-biskop van Londen. Interessant is dat alhoewel die Katolieke kardinaal Suenens (1983:69-74, 91-114) ernstige vrae het oor sommige verwikkeling ten opsigte van die bediening binne Charismatiese kringe, hy dit nie summier afwys nie. Die amptelike liturgie binne die Katolieke Kerk vir hierdie bediening het onlangs nog weer 'n hersiening ondergaan (vlg Fierens 2000: 37-59).

## 2.4 BYDRAES UIT GEREFORMEERDE KRINGE

Alhoewel McAlpine (1991) verskillende skrywers noem wat oor magte en kragte praat vanuit gereformeerde agtergrond, raak dit nie spesifiek die onderwerp ter sake nie aangesien hulle konsentreer op die invloed van hierdie magte op die samelewing. Die publikasie van Van den Berg (sa 1970?) gee uitvoerige verduidelikings ten opsigte van okkulte verskynsels en genesing, maar bied nie riglyne vir die praktyk nie. Theron (1969:125-132) verwys egter in sy proefskrif na die geskiedenis en teologie van pa (JC) en seun (Christoph) Blumhardt en plaas daarmee die bevrydingsbediening indirek aan die orde. Kraan, gereformeerde predikant te Rotterdam (vgl 1973: 370-377), gaan verder en op die voetspoor van JC Blumhardt en Koch begin hy riglyne trek ten opsigte van diagnose en terapie. Kraan volg dit op met 'n

driedelige werk getiteld *Genezing en bevrijding* (1983, 1984, 1986). In die laaste hiervan, met 'n newetitel *Bevrijding en innerlijke genezing*, bespreek hy relevante teologiese fasette en lê ook belangrike riglyne neer vir die gereformeerde pastoraat ten opsigte van bevryding (1986:69-82). Hy maak gebruik van die insigte van enkele van die outeurs hierbo genoem. In dieselfde asem kan die deeglike werk van Van Dam (Nederlands Hervormde predikant), *Dämonen und Besessene: Die Dämonen in Geschichte und Gegenwart und ihre Austreibung*, genoem word (1970). Hy volg dit op met kleiner publikasies (1974, 1983, 1993). Hy lê nie alleen goeie fondamente in terme van teorie nie, maar besin ook oor die praktyk. Alhoewel Smit (1981) ook die onderwerp bespreek, kom die praktiese riglyne eintlik maar net indirek aan die orde (vgl 1981:39-50). Daarteenoor gee Bayley (1989) wel riglyne wat gevolg kan word. Moontlik kan Ouweneel ook hierby betrek word. Hy het deur sy publikasie en deur besoeke in Suid-Afrika sy navolgers sterk bewus gemaak van die gevare van okkultisme en mistisisme alhoewel hy die bevryding van bose magte in ons tyd onder "moderne magie" laat ressorteer en sterk standpunt daarteen inneem (vgl 1978:245-247).

## 2.5 BYDRAES UIT DIE "DERDE GOLF"

Alhoewel hulle histories gesproke later op die toneel gekom het, moet die invloed van skrywers uit die sogenaamde "Derde Golf" — menende dat die Pinkster- en Charismatiese Beweging respektiewelik die eerste en tweede twee golf van unieke geestelike bewegings in die 20ste eeu verteenwoordig — nie onderskat word nie. Hierdie groep mense wat steeds as "Evangelicals" aan hulle kerke getrou wou bly, maar tog ook die moontlikheid van die werkinge van al die gawes wou aanvaar (vgl Kraft 1989:xi, 7-9), het op derduisende mense 'n sterk invloed gehad. Veral die leierskap, optredes, konferensies en boeke van Wimber (1986), Wagner, Pennoyer en Douglas (1990), Wagner (1991), Kraft (1989, 1992, 1993, 1998) en Murphy (1992) oor die onderwerp, is hier te vermeld. Hulle besinning en persoonlike ervaringe het op groot groepe mense wêreldwyd beïnvloed.

## 2.6 MEDICI, PSIGIATERS EN SIELKUNDIGES

Die feit dat vakkundiges uit hierdie velde by die bespreking betrek word, dui op 'n interessante verwikkeling naamlik dat daar vanuit ander wetenskaplike velde 'n groeiende ondersteuningsbasis vir die bevrydingsbediening ontwikkel. Dit het al begin by Oesterreich (1930). Ook Koch betrek hierdie bogenoemde velde uitvoerig in die bespreking van sy gevallestudies (vgl [1972] (1981). Belangrik is ook die bydraes van die psigiater McAll (1975:298; 1976:269-278) wat 280 relevante gevalle opgeteken het en

beweer dat hy ongeveer 4% van sy pasiënte verwys na pastores met die oog op eksorsisme. Vergelyk ook die uitbouing van sy gedagtes in *Healing the family tree* (1982). Dieselfde word gesê deur die twee priester-psigiaters, die twee broers D en M Linn (1981:7). Hulle wys daarop dat 'n groeiende getal dokters, psigiaters en sosiale werkers dit soms nodig ag om mense wat hulp soek deur middel van 'n bevrydingsgebed te bedien. Hulle publikasie (1981:22-48) bevat opgetekende gevalle van mense wat deur hierdie bediening gehelp is (vgl Barlow, Abel and Blanchard 1981:252-264). Die belangstelling en invloed vanuit hierdie kringe word verder weerspieël deur die publikasie van simposiumreferate waaruit blyk dat hierdie onderwerp intense aandag geniet het vanuit mediese, historiese, antropologiese en teologiese gesigspunte (vgl Montgomery 1976). Dat die mediese wêreld die bevrydingsbediening ernstig opneem, blyk ook uit MacNutt (1995:59-69) en Kelsey (1978; 1988:3) wat na talle sodanige persone verwys. Die beste voorbeeld en mees bekende hiervan is die psigiater M Scott Peck (1983:10). Laasgenoemde het sy standpunt verander na aanleiding van twee bevrydingsessies waaraan hy deel gehad het (1983:10, 178, 182-184, 195-196). Nie vanweë haar akademiese besinning of mediese praktyk nie, maar wel deur die optekening van haar poging om iemand wat deur die bose gebonde was, te help, het dr Rebecca Brown (1986; 1987) se gedagtes wyd bekend geword. Sy beskryf ook talle ander gevallestudies van demoniese gebondenheid.

## 3. ENKELE OPMERKINGS

Die punte hierbo beredeneer, lei tot die volgende:

- Dit is duidelik dat die bediening van bevryding van bose magte gedurende die laaste vyftig jaar opnuut aandag gekry het en toegepas word.
- Die beoefening van hierdie bediening is nie beperk tot een of ander kerklike groep nie, maar kom voor in feitlik alle kerklike tradisies, sowel as onder mense wat professionele gesondheidsdienste lewer.
- Die nuwe aandag wat hieraan gegee word, kan nie aan die optrede van enkele invloedryke persone of sterk leiers toegeskryf word nie. Mense uit totaal verskillende wêrelddele, kerklike agtergronde en teologieë het naastenby op dieselfde tyd by een of ander vorm van hierdie diens betrokke geraak.
- Die bediening is ten opsigte van teorieë en praktyk nie noodwendig teologies goed deurdink nie. Desnieteenstaande is daar goed gevestigde praktyke in verskeie kerklike tradisies en bewegings wat op verskil-

lende maniere uitgebou word.

- Die huidige praktyke vra die praktiese teoloog om ernstige besinning. Die feit is dat daar geloofshandelinge plaasvind wat in die algemene gesproke nog nie veel prakties-teologiese aandag geniet het nie. Dit is veral waar wat die Suid-Afrikaanse situasie betref. Nie net die praktiese handelinge nie, maar ook die teorieë en kosmologieë onderliggend aan hierdie handelinge moet bestudeer word.

## 4. 'N SLOTOPMERKING

Ek vertrou dat met hierdie gegewens op die tafel daar al hoe meer 'n sinvolle gesprek tussen Suid-Afrikaanse teoloë oor die onderhawige saak op dreef sal kom. Die aangehaalde literatuur kan hiervoor 'n sinvolle verwysingsbasis vorm.

## BIBLIOGRAFIE

ARNOLD C E
1998. *Three crucial questions about spiritual warfare*. Grand Rapids, Mich: Baker Books.

ANDERSON N T
1990a. *The bondage breaker*. Eugene, Or: Harvest House.
1990b. *Victory over the darkness: realizing the power of your identity in Christ*. Ventura, Calif: Regal Books.

*ATTACK FROM THE SPIRIT WORLD*.
1973. Wheaton, Ill: Tyndale House Publishers.

BARLOW D H, ABEL G G & BLANCHARD E B
1981. Gender identity change in a transsexual: an exorcism, in Linn & Linn: 252-264.

BASHAM D
1972. *Deliver us from evil*. London: Hodder and Stoughton.
1971. *Can a Cristian have a demon*? Monroeville, Pa: Whitaker House.
1974. *A manual for spiritual warfare: questions and answers on Christian exorcism*. Greensburg, Pa: Manna Books.

BAYLEY R G
1989. *Deliver us from the Evil One*. Oklahoma City, Okla: Presbyterian Renewal Publications.

BROOKS P
1972. *Out! In the Name of Jesus*. Carol Stream, Ill: Creation House.

BROWN R
1986. *He came to set the captives free*. Chino, Calif: Chick Publications.
1987. *Prepare for war*. Chino, Calif: Chick Publications.

BUBECK M I
1975. *The Adversary: the Christian versus demon activity*. Chicago: Moody Press.
1984. *Overcoming the Adversary: warfare praying against demon activity*. Chicago: Moody Press.
[1960] 1972. *Demon experiences: a compilation*. Wheaton, Ill: Tyndale House Publishers.

DE VILLIERS P G R (ed)
1987. *Like a roaring lion ... : essays on the Bible, the church and demonic powers*. Pretoria: University of South Africa.

DICKASON C F
1975. *Angels, elect and evil*. Chicago: Moody Press.
1987. *Demon possession and the Christian.* Chicago: Moody Press.

DOW G
1991. *Explaining deliverance: sharing experience in the ministry of deliverance*. Chichester: Sovereign World.

ERNEST V H
1970. *I talked with spirits*. Wheaton, IlI: Tyndale House Publishers.

FIERENS M
2000. Verlos ons van het/de kwade: De actuele pastoraal van het exorcisme. *Collationes* 30 (1): 37-59.

HAMMOND F D & HAMMOND I M
1973. *Pigs in the parlour: a practical guide to deliverance*. Kirkwood, Mo: Impact Books.

HENDERSON G
1972. *My name is Legion*. Minneapolis: Bethany Fellowship.

JANSE VAN RENSBURG J
1997. Diagnostiese kriteria vir die pastorale evaluering van 'n demonies besetene — 'n voortsetting van die diskoers. *NGTT* 38 (3): 148-158.
1998. Die betekenis van Lukas 13:10-17 en 2 Korintiërs 12:1-10 vir die okkultisme diskoers. *In die Skriflig* 32 (1): 37-52.

KELSEY M T

1978. *Discernment: a study in ecstacy and evil*. New York: Paulist Press.

1988. *Psychology, medicine and Christian healing*. San Francisco: HarperCollins.

KOCH K

1961. *Between Christ and Satan*. Berghausen, Germany: Evangelization Publishers.

[1972] 1981. *Christian counselling and occultism: the counselling of the psychically disturbed and those oppressed though involvement in occultism*. Grand Rapids, Mich: Kregel Publications.

1956. *Seelsorge und Okkultismus*. Berghausen, Deutchland: Evangelisationsverlag.

1970. *Occult bondage and deliverance*. Grand Rapids, Mich: Kregel Publications.

1973. *Demonology past and present*. Grand Rapids, Mich: Kregel Publications.

1971. *The Devil's alphabet*. Grand Rapids, Mich: Kregel Publications.

1971. *The strife of tongues*. Grand Rapids, Mich: Kregel Publications.

KRAAN K J

1973. *"Opdat u genezing ontvangt": Handboek voor de dienst der genezing*. Hoornaar: Gideon.

1983. *Genezing en Bevrijding: Deel I, De dienst der genezing*. Kampen: Kok.

1984. *Genezing en Bevrijding: Deel II, Spanningen in de dienst der genezing*. Kampen: Kok.

1986. *Genezing en Bevrijding: Deel III, Bevrijding en innerlijke genezing.* Kampen: Kok.

KRAFT C H

1989. *Christianity with power: your worldview and your experience of the supernatural*. Ann Arbor, Mich: Servant Publications.

1992. *Defeating dark angels: breaking the demonic oppression in the believer's life*. Ann Arbor, Mich: Servant Publications.

1998. *I give you authority*. Crowborough, East Sussex: Monarch Books.

1993. *Deep wonds deep healings: discovering the vital link between spiritual warfare and inner healing*. Ann Arbor, Mich: Servant Publications.

LINN M & LINN D

1981. Deliverance in the tradition of our fathers: a case study, in Linn & Linn: 22-48.

1981. *Deliverance prayer: experiential, psychological and theological approaches*. New York: Paulist Press.

LOUW DJ

1993. Diagnostiese kriteria vir die evaluering van satanisme in die pastorale bediening. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 8(2), 83-94.

MACNUTT F

1974. *Healing*. Notre Dame, Ind: Ave Maria Press.

1977. *The power to heal*. Notre Dame, Ind: Ave Maria Press.

1981. The imperative need for the church's involvement in a deliverance Ministry, in Linn & Linn 1981: 126-159.

1988. *Healing*. London: Hodder & Stoughton.

1995. *Deliverance from evil spirits: a practical manual*. Grand Rapids: Chosen Books.

MADDOCKS M

1981. *The Christian healing ministry*. London: SPCK.

MCALISTER W R

1971. *The dilemma: deliverance or discipline?* Plainfield, NJ: Logos International.

MCALL R K

1975. The ministry of deliverance. *Expository Times* 86, 296-298.

1976. Taste and see, in Montgomery (eds) *Demon possession*, 268-278.

1982. *Healing the family tree*. London: Sheldon Press.

MCALPINE T H

1991. *Facing the powers: innovations in mission*. Monrovia, Calif: MARC.

MONTGOMERY J W (ed)

1976. Demon possession: a medical, anthropological and theological symposium: papers presented at the University of Notre Dame, January 8-11, 1975, under the auspices of the Christian Medical Society. Minneapolis: Bethany Fellowship.

MURPHY E

1992. *The handbook for spiritual warfare*. Nashville: Thomas Nelson.

OESTERREICH T K

[1930] 1966. *Possession, demoniacal and other*. New Jersey: Paul, Trench & Tauber.

OUWENEEL W J

1978. *Het domein van de slang: Christelijk handboek over occultisme en mysticisme*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

PAGE S H T

1995. *Powers of evil: a biblical study of Satan and demons*. Grand Rapids, Mich: Baker Books.

PECK S

1983. *People of the lie*. New York: Simon & Schuster.

PETERSON R

1968. *Are demons for real?: dramatic incidents of spirit phenomena in conflict with the power of Christ*. Chicago: Moody Press.

PETITPIERRE D R (ed)

1972. *Exorcism — The findings of a commission convened by the Bishop of Exeter*. London: SPCK.

PRINCE D
1990. *Blessing or curse: you can choose!* Old Tappen: Chosen Books.
1998. *They shall expel demons: what you need to know about demons — your invisible enemies*. Trichy, India: Rhema Books.

RICHARDS J
1974. *But deliver us from evil: an introduction to the demonic in pastoral care*. London: Darton, Longman & Todd.
1976. *Exorcism, deliverance and healing: some pastoral guidelines*. Bramcote Notts, UK: Grove Books.

SMIT M M
1981. *Die vrylating van gevangenes: die gevare van okkultiese bemoeienis en die bevryding daarvan*. Silverton, Pretoria: Dieper Lewe Uitgewers.

SMIT J H (red)
1992. Die evangeliebediening aan demonies (okkult) gekweldes. *UV teologiese studies* 6. Bloemfontein: Pro Chriso-Publikasies.

SUENENS L-J
1983. *Renewal and the powers of darkness*. Malines Document IV. Ann Arbor, Mich: Servant Books.

TEN BOOM C
1968. *Defeated enemies*. Alresford, Hants, UK: Christian Literature Crusade.

THERON J P
1969. Gebed en genesing in die pastorale sorg. Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

THERON J P J
1985. Vind daar nog genesings en bevrydings plaas? Enkele perspektiewe op grond van 'n empiriese opname. In, Lederle, H I & Theron J P J. 1985. *Dit is Ek, die Here, wat julle gesond maak*. Pretoria: Christelike Lektuursentrum: 186-213.
1987. Some aspects of the ministry of deliverance from evil forces. In P G R de Villiers (ed) *Like a roaring lion ... : essays on the Bible, the church and demonic powers*, 147-161.
1994. 'n Kritiese bespreking van D J Louw se diagnostiese kriteria vir die evaluering van Satanisme in die pastorale bediening. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 9(2), 201-216.

UNGER M F
1952. *Biblical demonology: a study of the spiritual forces behind the present world unrest*. Wheaton, Ill: Scripture Press.
1971. *Demons in the world today: a study of occultism in the light of God's Word*. Wheaton, Ill: Tyndale House.
1977. *What demons can do to saints*. Chigaco: Moody Press.

VAN DAM W C
1970. *Dämonen und Besessene: Die Dämonen in Geschichte und Gegenwart und ihre Austreibung*. Aschaffenburg: Paul Pattloch Verlag.
1974. *Demonen: Eruit, in Jezus' Naam!* Kampen: Kok.
1983. *Zielsorg in de kracht van die Gees*. Kampen: Kok Voorhoeve.
1993. *Wezens uit onzichtbare werelden.* Kampen Kok.

VAN DEN BERG H J
sa *Duiwelskunste en die Bybel*. Skeerpoort, Tvl: Magaliesberg-Uitgewers.

WAGNER C P
1991. *Engaging the enemy*. Ventura, Calif: Regal Books.

WAGNER C P, PENNOYER D & DOUGLAS F (eds)
1990. *Wrestling with dark angels: toward a deeper understanding of the supernatural forces in spiritual warfare*. Ventura, Calif: Regal Books.

WALKER A
1993. The devil you think you know: demonology and the Charismatic Movement. In T Smail, A Walker & N Wright *Charismatic renewal: the search for a theology*. London: SPCK.

WIMBER J
1986. *Power Healing*. San Francisco: Harper & Row.